

## Studiehandleiding - Graad 1

Vervolgens 'n kort samestelling van die leerinhoud wat vir die jaar beplan word.

Die tydsduur van die temas kan aangepas word na gelang van die hoeveelheid vakansiedae, wat die afhandeling van leerstof beïnvloed.

### **Eerste Kwartaal**

#### **Tema: Persoonlike ontwikkeling**

<b>Konteks:</b>	Ek en die skool -	3 weke.
	Ek en my liggaam -	3 weke.
	Ek en my familie -	3 weke.
	Ek en my medemens -	2 weke.

#### **Geletterdheid:**

- Terloops lees: Eie naam en van.  
Dit is 'n ....  
Dit is die ....
- Leesrigting.
- Klankherkenning volgorde: i, r, n, m, u, o, a, e, v, w, l, f, h, b, k, d, t, g, j, y, p
- Emosies.
- Verskil tussen hoof- en kleinletters.
- Gediggies.
- Stories.
- Analise / Sintese: Begin-, middel- en eindklanke.
- Weerkaart - daaglik.
- Nuusvertelling - daaglik.
- Leesboekies: Ek lees.  
Die skool.  
Ek.  
My familie.
- Woordkaartjies: Ek en My familie en aksiewoorde.
- Sinsbou.
- Aksiewoorde, bv: Sit, lê, lees, lag, ens.
- Bespreek: Inligting oor myself, my familie, gesonde eetgewoontes en goeie maniere.
- Uitbreiding van sinne, bv: Ek het een neus.  
Ek sit en lees.
- Sinne word gebou met woorde wat reeds aangeleer is. Dit word aanvanklik uitgepak met woordkaartjies en daarna word dit geskryf.
- Alle Afrikaanse woorde word ook mondeling in Engels aangeleer.  
Engelse Liedjies en gediggies word aangeleer.

#### **Gesyferdheid:**

- Telaktiwiteite word daaglik gedoen, bv: Tel van 1 - 20 en terug.  
Tel minstens 34 voorwerpe akkuraat.  
Telrympies.  
Tel in 2's, 5'e en 10'e.
- Kalender: Dae van die week.  
Maande van die jaar.  
Verjaarsdagdatum.
- Vorms aanleer en definieer.
- Skatting.
- Begrippe: Ewe veel, meer as, minder as, wat kom voor/na 'n getal, een meer/minder, plus, minus.
- Sortering.
- 100-Kaart bekendstel.

- Meting: Langste, kortste, grootste, kleinste, meter en sentimeter.
- Opeenvolging van gebeure.
- Grafieke.
- Ewe en onewe getalle.
- Getalkaartjies, 1 - 10 pak en skryf.
- Kleure.

### **Lewensvaardigheid:**

- Klas- en skoolreëls.
- Skoolbesigtiging.
- Daaglikse nuus.
- Klasmusiek, rekenaarvaardighede, skaak en media - een keer per week deur die jaar.
- Pyltjieskaart.
- Legkaartbou van maklik tot gevorderd deur die jaar.
- Kleiwerk en Penborde.
- Godsdiensonderrig & gewyde sang.
- Groot motoriese vaardighede, bv: Balans, middellynkruising, klim en klouter, ens.
- Kuns - weekliks deur die jaar.
- Visuele en ouditiewe oefeninge - daaglik.
- Bespreek tipes gesinne, gesinsverhoudings, kulture, goeie maniere.
- Skrifoefeninge en skryf van getalle en klanke. Aanvanklik op blanko papier, daarna in breë lyne met vetkryt en uitdraaikryte. Lyne word kleiner namate fyn motoriese vaardighede ontwikkel. Korrekte sithouding, potloodgreep en vorming van getalle en letters is van groot belang.  
Let wel: Letters word altyd van bo na onder en o, a, g, s en d word anti-kloksgewys geskryf.

## **Tweede Kwartaal**

### **Tema: Gesondheid en veiligheid**

- Konteks:**
- Veiligheid in die huis - 2 weke.
  - Gevare buite die huis - 2 weke.
  - Padveiligheid - 2 weke.
  - Openbare plekke - 2 weke.
  - Seisoene: Herfs en Winter - 2 weke.

### **Geletterdheid:**

- Bespreek vertrekke in die huis en die gevare in elk.
- Inskerping van klanke.
- Lê baie klem op analise/sintese van woorde: Begin-, middel- en eindklanke.
- Stories verwant aan onderwerp.
- Aksiewoorde - leesboekie.
- Huis - leesboekie.
- Hoe lyk 'n sin: Hoofletter begin, spasies tussen woorde, links na regs, ens.
- Elektrisiteit toe en nou bespreek.
- Elementêre noodhulp.
- Ontleding van 'n kragprop.
- Uitbreiding van sinne.
- Woordbou met klankkaarte.
- Leestekens, bv: Punt, komma, vraag- en uitroepstekens.
- Klanke: aa, ee, oo, uu.
- Leeskaarte in 'flip file' baie inoefen.
- Pretleesboeke.
- Formele leesboek.
- Verduidelik prakties hoe seisoensverandering plaasvind.

### Gesyferdheid:

- Baie inoefening van 100-kaart.
- Skryf van getalsinne met +, - en =.
- Kombinasies van getalle, 1 - 10.
- Daaglikse telaktiwiteite.
- Begrippe: Gister, vandag, môre, eergister, oormôre.
- Getal en getalname, 11 - 20, pak en skryf.
- Storiesomme.
- Bewerkings op getallelyn, bv: + 1 en – 1.
- Kosteberekening van, bv, elektrisiteitsverbruik van 'n TV.
- Aantel en terugtel op 100-kaart.
- Skatting.
- Grafieke.
- Korrekte syfervorming inskerp.
- Spinnepopsomme.
- Tyd - die horlosie.
- Verdubbeling en halvering.
- Ranggetalle.

### Lewensvaardighede:

- Leerders bespreek hul vrese in die lewe.
- Godsdiensoonderrig, bv: Daniël en sy vriende.
- Bespreek gevaarlike situasies waarin jou gesin was.
- Beroepe, bv: Brandweerman, elektrisiën, polisie.
- Noodnommers.
- Leer om 'n huishoudelike apparaat te gebruik, bv, die ketel en stoof.
- Motoriese vaardighede, bv: Balspele, hoepels, toue.
- Koerantberigte bespreek.
- Bespreek 'Die fiets' en padtekens van belang.
- Skrif word minstens drie keer per week in boeke gedoen met skryfpotlood.
- Dramatisering van stories - korrekte volgorde.
- Bespreek terloops openbare vakansiedae, bv, Jeugdag.

## **Derde Kwartaal Tema: Entrepreneurs**

Konteks:       Speelgoed en soorte geld - 2 weke.  
                  Speelgoed en sortering - 2 weke.  
                  Koop en verkoop - 2 weke.  
                  Seisoene: Lente en Somer - 2 weke.

### Geletterdheid:

- Besprekings van: Tipes speelgoed, speletjies, hofflikheid teenoor mede spelers tydens spel, duur/goedkoop speelgoed, oorsprong, versorging van speelgoed, tipes winkels, gedrag in winkels, inkopielys, ens.
- Klankherkenning: oe, ie, ou, ui.
- Leesboekies: Hasie Kalbasie.  
                  Pretlees.  
                  Formele leesboek.
- Rymwoorde.
- Meervoude.
- Lettergreepverdeling.
- Speelgoedwoordkaarte.
- Spelreëls.

### **Gesyferdheid:**

- Oorsprong van geld.
- Bespreek voorkoms van munte, sowel as die waarde daarvan.
- Tel in 2, 3, 5 en 10.
- Getalkombinasies, 1 - 10.
- Spoedtoetsies.
- Storiesomme met geld.
- Samevoeging van munte, bv.  $5c + 5c = 10c$ .
- Korrekte skryfwyse van geld.
- Begrip: Kleingeld.
- Sakgeld, spaar, koop, verkoop, wins.
- 'Lees' van kalenders - naweke, dae, ens.
- Inhoud: Liter en ml.

### **Lewensvaardighede:**

- Verduidelik en speel van tradisionele speletjies.
- Bespreek reëls van groepspele en die noodsaaklikheid om by die reëls te hou!
- Kuns - maak van speelgoed.
- Bespreek geskenke en die waarde wat daaraan geheg word.
- Waarneming: Plant 'n boontjie en versorg dit.  
Groei in die natuur.

## **Vierde Kwartaal Tema: Diere en Kersfees**

- Konteks:**
- Diere - Klassifisering - 2 weke.
  - Diere - Troeteldiere - 1 week.
  - Diere - Plaasdiere - 1 week.
  - Diere - Wilde diere - 1 week.
  - Kersfees - 2 weke.

### **Gesyferdheid:**

- Groepering in 2.
- Verduidelik X as 'n 'korter pad' (herhaalde optel).
- Storiesomme / woordprobleme.
- Meting: Massa - kg, gram.
- Spreikaarte.
- Hoofrekene, getal 1 - 10 optel en aftrek.
- Tel in veelvoude van 2, 3, 4, 5 en 10.
- Stel begroting op vir aankoop van 'n troeteldier.
- Getalsinne soos bv:  $3 + \square = 9$  of  $\square + 3 = 10$ .

### **Geletterdheid:**

- Idiome i.v.m. diere.
- Meervoude.
- Woorde wat dieselfde klink, maar nie dieselfde gespel word nie. Klem val op y / ui / ei.
- Raaisels.
- Begripstoetsies.
- Versorging van troeteldiere - leerders vertel.
- Dialoog.
- Maak advertensies, bv: "Hondjies te koop".
- Leesboekie: Troeteldiere.
- Engels: Aanleer van alfabet - mondeling.
- Engels: Leesboekies.
- Spelreëls

**Lewensvaardighede:**

- Naboots van diere in groepe.
- Bespreek en doen prakties (elementêr) die gebruik van die woordeboek.
- Kersfeesboekie maak.
- Musiekbeluistering - Kersfeestema.
- Drama: Die Kersverhaal.
- Hoe moet ek bid?